LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

10 November 2017

2018 SKOOLGELDE

Geagte Ouers/Voogde

Baie dankie aan die ouers wat die Algemene Jaarvergadering (begroting) bygewoon het op 6 November 2017. Die skoolgelde vir 2018 is tydens die vergadering soos volg goedgekeur deur 'n kworum ouers teenwoordig.

'n Kurrikulumfooi was betaalbaar met inskrywings en/of jaarlikse herregistrasie van leerders, voor/op 31 Oktober 2017.

Uiteensetting van gelde vir 2018

2018	* Kurrikulum-fooi	Skoolgeld * (ingesluit)	Maandeliks
Gr.1 tot Gr.7	R1,500.00	R17,000.00	R1,550.00 (x10)
Graad R	R2,100.00	R24,100.00	R2,200.00 (x10)
EP-Naskool	R 700.00	R 8,455.00	R 705.00 (x11)
Korting	**7.5%** korting indien skoolgeld ten volle betaal is voor/op 28 Feb.'18		

NOTA

- Skoolgelde (Gr.R tot Gr.7) is vooruitbetaalbaar oor 10 maande (1 Feb. tot 1 Nov. 2018), terwyl die Naskoolgelde betaalbaar is oor 11 maande (1 Feb. tot 1 Des. 2018).
- Ouers word aangemoedig om aansoek te doen vir subsidie. (Slegs vir leerders in Gr.1 – Gr.7).
- Skoolgelde moet op datum betaal wees vir toelating by die Naskoolsentrum. Geen subsidie word toegestaan vir die Naskool bywoning nie.
- Alle betalings gemaak, sal eers teen uitstaande skoolgelde aangewend word en dan vir ander aktiwiteite bv. toere en naskool.
- Alle 2017 rekeninge wat op 31 Desember 2017 agterstallig is, word einde Januarie 2018 oorhandig vir invordering en ouers sal aanspreeklik wees vir alle koste in hierdie verband.

WYSE VAN BETALING

Betaling kan soos volg geskied:

- Debietorder as **verkose betalingsopsie.** Voltooi asb. die aangehegte Debietordervorm. Stuur na finansies@lardies.co.za of faks na 0123454819;
- Internet betaling (EFT);
- Kontant inbetaling; of
- Debiet-/krediet kaart fasiliteite is beskikbaar by Finansies kantoor.

DEBIETORDER BETALINGSOPSIE

Huidige debietorders word **nie** outomaties oorgedra na 2018 nie. Alle ouers wat per debietorder wil betaal, moet dus die vorm voltooi en betyds terugstuur skool toe. Die aangehegte debietordervorm vir 2018, moet asb. volledig voltooi word en voor of op **Vrydag, 19 Januarie 2018** aan die finansies kantoor gestuur word by finansies@lardies.co.za

Die debietorderlopie sal dus slegs plaasvind indien ouers die 2018 vorm voltooi en betyds teruggestuur het vir prosessering.

'n Gelukkige trekking van **R5,000** gaan gedoen word op alle debietorders wat voor of op 28 Februarie ingestel is. Trekking geskied op die Algemene Jaarvergadering in November 2018. Terme en voorwaardes geld.

VRYSTELLING VAN SKOOLGELDE

Volgens die Skolewet (Wet 84 van 1996) word daar voorsiening gemaak vir ouers wat in die huidige ekonomiese klimaat dit moeilik vind om hulle skoolgelde by te bring, om **jaarliks skriftelik** aansoek te doen vir subsidie.

Die **"Regulasies Vir Die Vrystelling Van Ouers Vir Skoolgeld"** en gepaardgaande aansoekvorm, moet asb. by die Finansies Kantoor in die Administratiewe blok afgehaal word vanaf Januarie 2018.

Vriendelike Lardie-groete.

MNR. T. HUMAN
SKOOLHOOF

DEBIETORDERVORM

FIN 4

Hierdie vorm moet asb. **volledig** en **korrek** ingevul word

NOTA: Voltooi asb. debietordervorm volledig. Handig in/stuur voltooide vorm na:
Finansies kantoor / Faks 012 345 4819 / E-pos finansies@lardies.co.za

Jaar	**2018**	**1e Leerder**	**Gr.**	**2e Leerder**	**Gr.**	**3e Leerder**	**Gr.**	**4e Leerder**	**Gr.**
Van									
Noemnaam									
Skoolgelde (Gr. 1-7)		**R 1,550.00**		**R 1,550.00**		**R 1,550.00**		**R 775.00**	
Graad R		**R 2,200.00**		**R 2,200.00**		**R 2,200.00**		**R 2,200.00**	
Naskool		**R 705.00**		**R 705.00**		**R 705.00**		**R 705.00**	
Totale debietorder-bedrag		**R**				**Rekeningnr. (familiekode)**			

Merk asb. ☐ **hierbo met X om aan te dui waar van toepassing is.**

Bankbesonderhede van rekeningpligtige

Naam van rekeninghouer			
Naam van Bank		**Takkode (6-syfer)**	
Rekeningnommer		**Tipe rekening**	
Dag van aftrekking	**Debietorderlopie vind plaas op die laaste werksdag van die maand**		

Hiermee magtig ek dat Laerskool Elarduspark die bogenoemde bedrag per debietorder van my bankrekening mag verhaal soos die goedgekeurde tydperk vir Skoolgelde (10 maande) en/of Naskoolgelde (11 maande).

VOORWAARDES

1. Indien die betaling van my debietorder vir een maand deur die bank geweier word, word die bedrag vir die volgende maand verdubbel.
2. Indien ‘n debietorder vir ‘n 2e keer geweier word, word dit nie weer aangebied vir betaling nie en word ek aanspreeklik gehou vir die vereffening van die volle uitstaande bedrag binne 7 dae.
3. Indien ek versuim om die skoolgeld te vereffen of om ‘n reëling vir die betaling daarvan te tref, sal ek aan ‘n skuldinvorderaar of prokureur oorhandig word. Ek sal verantwoordelik gehou word vir alle gepaardgaande koste van sodanige aksie.
4. Hierdie debietorder-magtiging kan deur my gekanselleer word deur 30 dae vooraf skriftelike kennisgewing.
5. Ek erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekking(s) teenoor my rekening te behartig, geen van hulle regte aan ‘n 3e party mag afstaan of sedeer sonder my skriftelike toestemming nie en dat ek geen van my verpligtinge ingevolge hierdie kontrak aan ‘n 3e party delegeer sonder die skriftelike toestemming van die gemagtigde partye nie.

Geteken te PRETORIA hierdie_____dag van _____ 20_____

_____ _____ _____

HANDTEKENING **KONTAKNOMMER/S**